

Griekse invloed in Paulus se tyd – Francois Malan

Willie vra

Kan n mens die afleiding maak dat Paulus 'n Hellinistiese Christen was, eerder as n Hebreuse Christen in aggenome sy vermoë om te kon redeneer en dat sommige van sy skrywes ingewikkeld is, maar ook dat die Griekse invloed wel baie groot was in Israel?

Kan n mens die Griekse invloed sover as die Israëliete in ballingskap terugneem en op grond van dit aanvaar dat die meeste Israëliete (na die ballingskapperiode a.g.v Griekse wêreldoorheersing in daardie tyd) wel Grieks magtig was en op grond van dit kan aflei dat Petrus tog wel instaat was om n goeie Grieks te praat en skryf en nie noodwendig iemand nodig gehad het om uit Hebreus of Aramees te moes vertaal nie ? Sy broer se naam wil tog die indruk gee dat dit Grieks is – ANDREAS (FONETIES GRIEKS=ANDREAS?)

Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Aramees het reeds in Abram se tyd (1750v.C.) in Mesopotamië vanuit Ur tot in Haran die ou taal Akkadies begin verdring (vgl. Gen. 10:22; 22:21 vir die voorvader van die Arameërs). Dit was die taal van die Assiriërs wat die tien stamme in 622v.C. in ballingskap weggevoer het en in Mesopotamië verstrooi het (2 Kon 18:11).

In 597v.C. het Nebukadnesar vir Jojagin en die leiers van Juda weggevoer na Babel, en vir Sedekia as regent aangestel. Sedertdien het Aramees ook in Palestina die handels- en politieke taal en van die administrasie geword. Met Sedekia se opstand teen Babel is Jerusalem in 587v.C. verwoes en die res

van die Jode na Babel geneem, waar Aramees Hebreeus as volkstaal gedurende die ballingskap verdring. Na die ballingskap, toe Kores die Pers met sy verdraagsame beleid die Assiries-Babiloniese ryk in 539v.C. oorneem, die Joodse ballinge in 538 v C toelaat om na Jerusalem terug te keer en die tempel te herbou, is die tempeldiens in Serubbabel se tyd heringestel. Aramees is egter as algemene spreektaal gevestig. Slegs as Bybeltaal en in die kultus sou Hebreeus voortbestaan. Ook Jesus en die vroegste kerk het Aramees gebesig.

In 332v.C. verower Alexander die Grote Jerusalem sonder slag of stoot. Hy gee die plaaslike godsdienste, politieke instansies en kulture soveel moontlik ruimte. In sy voetspore volg die Hellenisme, die magtige Griekse kultuurbeweging wat die gebiede rondom die Middellandse See vir baie eeue sou oorheers. Sedertdien begin die vereenvoudigde Grieks-Attiese spreektaal (*koine*) spoedig die algemene kommunikasie-medium van die groot kosmopolitaanse wêreld word waaroor die opvolgers van Alexander bewind gevoer het. Die boeke van die Nuwe Testament is in *koine* geskryf en het die evangelie vir groot dele van die destydse wêreld toeganklik gemaak. Selfs as Paulus aan die Christene in Rome skryf, kan hy dit in Grieks doen. Naas Grieks het die plaaslike tale egter bly voortbestaan (vgl. Hand 14:11). In Palestina het Aramees naas Grieks as gesproke taal bly voortleef.

Die Betsaida waar Petrus grootgeword het (Joh 1:44) lê in Galilea, 9km noord van Tiberias. Van Petrus en Johannes sê Hand. 4:13 dat hulle ongeletterd is. Hulle was vissers wat nie skool gegaan het nie. In Galilea het hulle Aramees gepraat maar kon waarskynlik Grieks verstaan. Hoewel 1 Petrus in goeie Grieks geskryf is, sê Petrus self in 1 Petr 5:12: 'Ek het deur Silvanus..kortliks aan julle geskryf...' Daarom sal die goeie Grieks van die brief van Silvanus kom, oor die dinge wat Petrus vir hom vertel het. So is die kerklike tradisie ook dat Markus sy Evangelie geskryf het omdat die gemeente in Rome hom gevra het om die verhale oor Jesus, wat Petrus aan hulle

vertel het, op te teken.

Toe Tiglapeleser in 622v.C. die bevolking van Galilea, wat reeds soos die heidene geleef het (2 Kon 17:15), na Assirië weggevoer het (2 Kon 15:29), word die oorblywende bevolking met heidene vermeng (2 Kon 17:24). In Petrus se tyd het egte Jode die inwoners van Galilea geminag oor hulle gemengde bevolking en lewenswyse (Joh 1:47; 7:52). Matteus 4:13-15 haal Jesaja 8:23-9:1 aan oor Jesus se verblyf in Kapernaum in 'Galilea van die heidene.' Petrus se provinsiale uitspraak van Aramees vestig die aandag op hom as Galileër, soos op Jesus (Mat 26:73; Mark 14:70).

Die Jood Paulus kom van Tarsus (Hand 9:11) in die Klein-Asiese provinsie, Silisië, 'n burger van 'n nie onbelangrike stad nie (Hand 21:39), vermaard deur sy skole wat wedywer met Atene en Alexandrië. Hier het die ou Oosterse beskawing en die nuwe Griekse kultuur saamgekom. Hulle godsdienstige lewe was treurig met Baäl-Tars as hoofgod. Of Paulus hier op skool was, weet ons nie. Maar volgens sy eie getuienis is hy Jerusalem toe om by die gematigde Gamaliël opgevoed te word streng volgens die wet van die voorvaders, dit wil sê die Ou Testament (Hand 22:3). Gamaliël was 'n volgeling van Rabbi Hillel, bekend om sy soepelheid en vredeliewendheid (vgl. Hand 5:34-39 oor Gamaliël se optrede), teenoor die skool van die strenge rigoris Rabbi Sjammai.

Paulus se briewe, in *koine* Grieks geskryf, getuig van sy wye kennis van die Ou Testament. Sy aanhalings is meestal uit die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuaginta, wat 200 jaar voor Christus uit die Hebreeus vertaal is, en wat die Bybel van die eerste Christelike gemeentes in die Grieks-Romeinse wêreld geword het.

Paulus roem daarop dat Hy 'n Fariseër is, die seun van Fariseërs (Hand 23:23:6) . Die Fariseërs het o.a. geglo dat die geskiedenis deur die goddelike voorsienigheid bepaal word, terwyl die Sadduseërs gesteld was op die vryheid van die

indiwidu om sy lewe en geskiedenis te bepaal.

Die Fariseërs glo aan 'n opstanding na die dood, en 'n buitewêreldse bestaan waar die mens beloon of gestraf word volgens sy optrede in hierdie wêreld. Hierin is hulle grotendeels beïnvloed deur Persiese en Hellenistiese denke. Die Sadduseërs het die opstanding verwerp en gehou by die leer oor die doderyk (vgl. Hand 23:8).

In Jerusalem verdedig hy hom voor die volk in die Hebreeuse dialek, dit is in Aramees (Hand 22:2). Vir die Jode het hy soos 'n Jood geword om Jode te wen...vir diegene sonder die wet soos iemand sonder die wet (maar onder die wet van Christus) om hulle wat sonder die wet is, te wen (1 Kor 9:20-21).

Hieruit kan nie afgelei word dat hy eerder 'n Hellenistiese Christen was as 'n Hebreeuse Christen nie.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die vrou Petla – Francois Malan

Adri vra:

Die vrou Petla in die Apokriewe boeke. Radio FM het op Sondag 28 Mei in 'n praatjie daaroor gepraat.

Boodskap Teks:

Ek soek inligting oor Petla en haar geskiedenis.

Ek weet nie van 'n vrou Petla wat in die apokriewe boeke genoem word nie, maar wonder of die praatjie nie van Tekla

gepraat het nie.

Antwoord

Pof Francois Malan antwoord

Aan die einde van die tweede eeu na Christus skryf Tertullianus dat 'n ouderling in Klein-Asië uitgevang is dat hy die boek *Die Handelinge van Paulus* geskryf het oor dinge wat met Paulus sou gebeur het. Hy het gebieg dat hy dit geskryf het omdat hy so lief vir Paulus was. Dit is waarskynlik 'n versameling van legendes wat in die skrywer se omgewing bekend geword het. Tertullianus het al gesê die legendes is nie betroubaar nie.

Drie dele van die boek in Grieks het tot 'n mate behoue gebly. Die eerste deel daarvan handel oor Paulus en die pragtige Tekla wat onder Paulus se prediking in die huis van Onesiforus in Ikonium tot bekering kom en besluit om nie met Tamuris, met wie sy sou trou, te trou nie. Hy kla haar en Paulus by die goewerneur aan. Paulus word met 'n sweep geslaan en sy word na die brandstapel gestuur. Sy word wonderbaarlik gered, kom weer by Paulus uit, gaan saam met hom na Antiogië, waar 'n belangrike man Alexander op haar verlief raak. Sy wil niks met hom te doen hê nie, verneder hom in die openbaar, en word veroordeel om vir die wilde diere gegooi te word. Sy word weer wonderbaarlik gered, en ook 'n volgende keer. Daarna gee Paulus haar die opdrag om te gaan preek in Seleusië.

Die hele legende van 43 afdelings is in Afrikaans vertaal, en is opgeneem in Jan van der Watt en Francois Tolmie se boek van 2005: *Apokriewe. Ou en Nuwe Testament. Verlore boeke uit die Bybelse tyd*. Bladsye 565-581. Uitgegee deur CUM-boeke.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Paulus in die tronk – Francois Malan

Willie vra:

Kan n mens aanvaar dat Lukas by Paulus was tydens sy gevangeneskap tot en met sy dood is ? Indien wel , weet ons of hy dalk in meer detail hieroor geskryf het wat nie in die Bybel opgeneem is nie.. Indien hy nie hieroor geskryf het nie, weet ons hoekom nie?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Handelinge is nie 'n lewensgeskiedenis van Paulus nie, maar verkondiging van hoe God te werk gegaan het om sy heilsplan vir die mensdom uit te voer deur Christus se getuies, onder leiding van die Heilige Gees, en hoe hulle die boodskap uitgedra het tot in Rome. Aangesien Lukas waarskynlik saam met Paulus op sy laaste reise was, en by hom persoonlik baie gehoor het, word baie vertel van die Heilige Gees se werk deur Paulus se arbeid, sonder om volledig te wil wees.

Vir sy teenwoordigheid op die reise vergelyk die 'ons' gedeeltes: Hand. 16:10,15; 20:6; 21:1-25; 27:1-28:16, wat moontlik kan aandui dat Lukas daardie gedeeltes van die reise saam met Paulus was. Vergelyk Paulus se eie verwysings na Lukas in Filemon 24; Kol 4:14; 2 Tim 4:11.

Volgens Handelinge 28:19,30 het Paulus in Rome vir twee jaar onder bewaking op sy eie gewoon, terwyl hy, op sy eie appel, sonder 'n klagskrif, op die keiser gewag het (vgl Hd 25:11,27; 26:32; 27:24).

Moontlik is die briewe aan Filemon en aan die Kolossense (en Efesiërs?) gedurende hierdie twee jaar geskryf – al drie uit

gevangenisskap (Flm 9,13; Kol 4:18; Ef 3:1, ens). Sommige teoloë meen dat die briewe of uit Efese of uit Sesarea se twee jaar gevangenskap geskryf is.

1 Klemens 5:5-7 (96 n.C.) noem Paulus saam met Petrus as groot voorbeelde van uithou vermoë onder jaloesie en twis wat na 'n reeks ontberings vir die evangelie, hierdie wêreld verlaat het vir die heilige plek. Die kerkgeskiedskrywer Eusebius het in die laaste gedeelte van die vierde eeu n.C. geskryf (II:12:2): die tradisie vertel dat Paulus na die twee jaar vrygesgepreek is en weer voortgegaan het met sy bediening, en toe vir 'n tweede keer na Rome toe is en as martelaar gesterf het onder Nero. In II:25:5 skryf hy dat Paulus onthoof is. In die tyd toe hy bevry was, het hy moontlik 1 Timoteus en Titus geskryf, en toe hy weer gevang is, het hy 2 Timotheus geskryf as sy laaste brief (2 Tim 4:6-7). (Sommige teoloë betwyfel die ou tradisie van Paulus se outeurskap van die drie Pastorale briewe.)

2 Timoteus 4:11 verwys na Lukas se teenwoordigheid by Paulus tydens sy laaste gevangenis in Rome: 'Net Lukas is by my.' Maar Lukas het niks verder geskryf waarvan wat weet nie as slegs tot by die twee jaar in Rome toe Paulus nog baie besoeke ontvang het.

Die onbetroubare apokriewe boek Die Handeling van Paulus, met 'n klomp legendes oor Paulus, is waarskynlik deur 'n ouderling geskryf, wat later aan Tertullianus gebieg het dat hy die dinge oor Paulus geskryf het omdat hy so lief vir Paulus was. Die boek is tussen 150-200 n.C. geskryf (Paulus is waarskynlik voor Julie 64 n.C. dood). Die boek vertel van Paulus se marteldood en die wonders wat daar sou plaasgevind het, van Nero se christenskinker wat uit die dood opgestaan het nadat hy by die venster uitgeval het, en hoe dit aanleiding gegee het dat al die christene vir die leeu's gegooi is, en hoe daar by Paulus se onthoofding melk in plaas van bloed by sy nek uitgespuit het. Na sy dood sou Paulus aan Nero verskyn het, wat so bang geword het dat hy die ander christene in die tronk

vrygelaat het. Hierdie gegewens is egter fantasie en nie werklikheid nie.

Skrywer: Prof Francois Malan

Paulus se evangelie – Francois Malan

Jan vra:

1Kor 15: 3 en 4 sê: Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is volgens die Skrifte;

Rom 2: 16 sê: in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie.

11 Tim 2: 8 Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dood opgewek is, volgens my evangelie.

In 11 Petrus 3: 15 en 16 : En ag die lankmoedighied van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.

As Paulus dan van “volgens my evangelie” praat hoe sal mens te wete kom wat die inhoud van sy besondere evangelie is as dit sou verskil van wat die ander apostels soos Petrus, soos Johannes soos Jakobus van skryf?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

1. Petrus verskil nie van Paulus nie!

Hy sê self Paulus is 'n geliefde broeder' – mede-apostel – 'wat met die wysheid wat (deur die Here) aan hom gegee is, aan julle geskryf het' (indien 2 Petrus, soos 1 Petrus, aan die gemeentes in Klein-Asië, huidige Turkye, geskryf is, sou dit kon verwys na Paulus se briewe aan die Efesiërs en Kolossense, wat in Klein-Asië geleë was). 'Hy spreek daarin oor dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan' (nie vir Petrus nie, maar vir die ongeleerde en onvaste mense is dit swaar om te verstaan), 'netsoos die ander geskrifte' (waarskynlik van die Ou Testamentiese geskrifte wat die Bybel van die eerste gemeentes was, nog voor die verskillende boeke in die Nuwe Testament beskikbaar was, en kan ook na Paulus se ander briewe soos 1&2 Korintiërs 55 n.C. en Romeine 55-56 n.C. verwys – in die Ou Testamentiese geskrifte en in Paulus se ander briewe is daar dinge wat vir ongeleerde en onvaste mense swaar is om te verstaan).

Paulus se briewe was die eerste geskrifte van die Nuwe Testament, geskryf tussen die jare 50 n.C. aan die Galasiërs en 1&2 Tessalonisense, tot 63 n.C. vir 2 Timoteus. Daarna is die eerste Evangelie eers geskryf, nl. Markus, wat iewers tussen 60-65 n.C. geskryf is. Matteus ná 70 n.C. en Lukas rondom 70 n.C., maak gebruik van Markus as een van hulle bronne. Die Johannes-Evangelie, wat 'n lang ontstaansgeskiedenis gehad het, is eers teen 80 n.C. klaar geskryf; die Johannese Briewe teen ongeveer 85 n.C. en Openbaring rondom 95 n.C. 2 Petrus se datum is onseker, maar is moontlik geskryf kort voor of kort ná Petrus se dood in 64 n.C., moontlik vanuit Rome waar Paulus aan die begin van 64

n.C. doodgemaak is.

Met die opmerking: 'wat met die wysheid wat aan hom gegee is' erken Petrus dat die Here Paulus gebruik het om die betekenis van Jesus se kruisdood, opstanding en hemelvaart vanuit sy kennis van die Ou Testament en sy ontmoeting met die verheerlikte Jesus op die Damaskuspad vir die kerk verduidelik het en die fondament vir ons geloof gelê het, naamlik Jesus Christus (1 Kor 3:10-11). Met die opmerking dat Paulus 'ons geliefde broeder' is, erken Petrus dat Paulus reg was om hom openlik teen te staan oor sy huigelary toe hy in 47 n.C. in Antiogië eers saam met die gelowiges uit die heidendom geëet het en toe die ander Jode kom, hom onttrek het (soos in Galasiërs 2:11-18 beskryf is).

Volgens 2 Petrus dryf die oningeligde en onvaste mense die spot met die gelowiges omdat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie (3:3-4), en Petrus verduidelik dat die Here nog wag met die dag van die oordeel omdat Hy geduldig is en nie wil hê dat iemand verlore gaan nie; Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer (3:8-9). Gelowiges moet die Here se geduld met ons beskou as 'n geleentheid om gered te word (3:14-15). Oor die wederkoms van Christus en die wederkoms se uitstel het Paulus aan hulle en in al sy briewe geskryf (vgl. bv 1 Kor 15; 1 Tes 4:13-5:11; 2 Tes 1:3-2:12). In 2 Tes 2:1-2 waarsku Paulus ook dat gelowiges nie so verward moet raak of van stryk gebring word deur mense wat sy woorde verdraai asof die wederkoms al klaar plaasgevind het nie.

2 Petrus 3:16 sê oningeligte/onkundige en onstandvastige mense (wat kort-kort van gedagte verander) 'verdraai' met 'n verkeerde uitleg om by hulle begeertes te pas, die dinge wat Paulus geskryf het (3:3). Hulle twyfel aan die wederkoms en hulle sedelike bandeloosheid, wat hulle met hulle verkeerde uitleg goedpraat, lei tot hulle ondergang/verderf. Daarteenoor sê Petrus die gelowiges hulle daarvoor moet beywer om vlekkeloos en onberispelik en in vrede te lewe (3:14) en nie toe te gee aan hulle eie begeertes en wetteloos begin lewe

nie. (3:17). Hierin verskil Petrus se evangelie niks van Paulus s'n met sy vermanings in die lig van die wederkoms nie (bv. 1 Kor 15:32-34,58; 1 Tes 5:6-10; 2 Tes 1:11 se vermanings wat verbind word aan die verwagting van die wederkoms).

2. Paulus se evangelie

Die uitdrukking 'my evangelie' in Rom 2:16 word gebruik in verband met die oordeel, wat Jode gereken het dat hulle veilig is omdat hulle die wet het en die nie-Jode nie, maar Paulus se evangelie is vir almal bedoel, Jode en heidene, wat in Jesus glo as hulle verlosser, en daarvolgens lewe; 2 Tim 2:8 gaan oor Paulus se evangelie oor Jesus se menswording en opwekking uit die dood, wat deur sommige geloën word. Rom 16:25 gaan oor God se mag om ons te laat vasstaan volgens die evangelie van Jesus Christus wat Paulus verkondig; 1 Tim 1:8,11 sê dat die wet goed is wanneer iemand dit op die regte manier gebruik. Dit stem ooreen met die evangelie van die heerlijkheid van die lofwaardige God, wat aan Paulus toevertrou is.

Rom 1:1-4 begin met Paulus wat afgesonder is vir die evangelie van God, wat reeds tevore deur sy profete in die heilige Skrifte beloof is aangaande sy Seun wat deur sy opstanding uit die dood aangewys is as die Seun van God – Jesus Christus, ons Here, deur wie ek die genade van my apostelskap ontvang het...'

Die kern van Paulus se evangelie is, dat die evangelie die krag van God is tot verlossing vir elkeen wat glo, vir die Jood eerste, maar ook vir die Griek. Want daarin word geopenbaar dat God se geregtigheid geheel en al op geloof (in Jesus Christus) berus, soos daar geskryf staan in Hab 2:4: Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef – geregverdig beteken dat die verhouding met God reggemaak is deurdat Jesus Christus, self God, die straf en smet van die sonde van die hele wêreld aan die kruis gedra het. Daarmee stem al die Nuwe Testamentiese skrywers saam, vgl. 2 Petr 1:1: Petrus skryf aan

dié wat dieselfde kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van ons God en die Verlosser, Jesus Christus.

Jakobus beklemtoon dae as regstelling van 'n lewenshouding wat nalaat om Christenskap in ons daaglikse optrede konkreet te maak – vgl. Jak 2:1 boefen julle geloof in ons Jesus Christus, die Here van heerlikheid ...' So is daar in elke brief van Paulis aanwysings oor hoe ons met dae ons Christenskap moet uitleef, vgl. Rom 12-15; feitlik elke hoofstuk in 1 Korintiërs het 'n opdrag om jou geloof met dae uit te leef; Gal 5-6; Ef 4-6, ens.

Feitlik in elke hoofstuk in die Johannes-Evangelie word beklemtoon dat Jesus God is en mens, vgl. 1:1-3: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was van die begin by God. Alles het deur Hom ontstaan en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie,' 1:14: En die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Dit teenoor die Jode wat nie Jesus se godheid wil aanvaar nie, en die Grieke nie sy mensheid nie. Die stryd word al dringender in die drie Johannes briewe aangespreek. vgl 1 Jn 2:18-26; 2 Jn 7-11; 3 Jn 9-10. So het Paulus reeds in 1 Kor 8:6 verklaar: Vir ons is daar één God, die Vader, uit wie alles is en ons vir Hom, en één Here, Jesus Christus deur wie alles is en ons deur Hom.

Elkeen van die boeke van die Nuwe Testament dra dieselfde boodskap van verlossing deur Jesus Christus, elkeen met sy eie benadering, en omstandighede. Elkeen moet spesifieke probleme van hulle tyd aanspreek, veral valse leringe wat ontstaan waarmee die geloof in Christus aangeval en verdraai word.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)